

---

**GOVERNMENT NOTICES**  
**GOEWERMENSKENNISGEWINGS**

---

**DEPARTMENT OF AGRICULTURE**  
**DEPARTEMENT VAN LANDBOU**

No. R. 532

16 May 2008

AGRICULTURAL PRODUCT STANDARDS ACT, 1990  
(ACT No. 119 OF 1990)

**REGULATIONS RELATING THE GRADING, PACKING AND MARKING OF SORGHUM  
INTENDED FOR SALE IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

The Minister of Agriculture, acting under section 15 of the Agricultural Product Standards Act, 1990 (Act No. 119 of 1990),

- (a) made the regulations in the Schedule; and
- (b) determined that the said regulations shall come into operation on the date of publication.

**SCHEDULE**

**Definitions**

1. In these regulations any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates:

"**another group**" in relation to;

- (a) sorghum of Class GM and Class GL, means sorghum that has a dark testa; and
- (b) sorghum of Class GH, means sorghum that does not have a dark testa;

"**consignment**" means

- (a) a quantity of sorghum of the same class, which belongs to the same owner, delivered at any one time under cover of the same consignment note, delivery note or receipt note, or delivered by the same vehicle or bulk container, or loaded from the same bin of a grain elevator or from a ship's hold; or
- (b) in the case where a quantity referred to in paragraph (a), is subdivided into different grades, each such quantity of each of the different grades;

"**cultivar list**" means the list of cultivars determined from time to time by the Executive Officer: Agricultural Product Standards and which is obtainable from the Executive Officer: Agricultural Product Standards, Private Bag X343, Pretoria, 0001;

"**dark testa**" means the testa layer of the sorghum that contains tannins of the condensed type;

"**defective sorghum**" means ;

- (a) pieces of, and broken sorghum kernels; or
- (b) sorghum kernels;
  - (i) that are affected by fungi or diseases;
  - (ii) of which the embryo skin is cracked due to germination;
  - (iii) that have a green colour or shows other signs of immaturity; or
  - (iv) that have been damaged by insects, rodents, cold, heat or in any other manner, but does not include weather-stained sorghum;

"**foreign matter**" means any matter or substance other than sorghum;

"**insect**" means any live insect that is injurious to stored sorghum, irrespective of the stage of development of the insect;

"**poisonous seeds**" means the seeds or bits of seeds of plant species that may represent a hazard to human or animal health when consumed, including seeds of *Argemone mexicana* L., *Convolvulus* spp., *Crotalaria* spp., *Datura* spp., *Ipomoea purpurea*, *Lolium temulentum*, *Ricinus communis* or *Xanthium* spp.;

"**small kernel sorghum**" means whole sorghum kernels that pass through a standard sieve;

"**sorghum**" means the threshed, ripe seed of plants of *Sorghum bicolor* (L.) Moench, but excludes broom sorghum, hay sorghum or cane sorghum;

"**standard sieve**" is a slotted sieve –

- (a) with a flat bottom of metal sheet of 1,00 mm thickness with rectangular slots of 12,7 mm in length and 1,8 mm in width with rounded ends. The spacing between the slots in the same row must be 2,43 mm wide and the spacing between the rows of slots must be 2,0 mm wide. The slots must be alternately orientated, with a slot directly opposite the solid inter segment of the adjacent row of slots;
- (b) of which the upper surface of the sieve is smooth;
- (c) with a circular frame of suitable material with an inner diameter of at least 300 mm and maximum 310 mm and at least 50 mm high;
- (d) that fits onto a tray with a solid bottom and must be at least 20 mm above the bottom of the tray;

"**the Act**" means the Agricultural Product Standards Act, 1990 (Act No. 119 of 1990);

"**unthreshed sorghum**" means sorghum or pieces of sorghum still partially covered by glumes;

"**weather-stained sorghum**" means sorghum kernels of which more than one-third of the surface of the pericarp is distinctly discoloured by the weather, but does not include sorghum kernels with purple anthocyanic blotches in or on the pericarp; and

"**white sorghum**" means sorghum of which the pericarp does not display any of the shades of brown, red or yellow irrespective of any purple anthocyanic blotches in or on the pericarp.

#### **Restriction on sale of sorghum**

2. (1) No person shall sell a consignment of sorghum in the Republic of South Africa;
  - (a) unless the sorghum is sold according to the classes set out in regulation 3;
  - (b) unless the sorghum complies with the standards for the class concerned as set out in regulation 4;
  - (c) unless the sorghum complies with the grades of sorghum and the standards for grades set out in regulations 5 and 6 respectively;
  - (d) unless the sorghum is packed in accordance with the packing requirements set out in regulation 7;
  - (e) unless the containers or sale documents, as the case may be, are marked in accordance with the marking requirements set out in regulation 8; and
  - (f) if such sorghum contains a substance that renders it unfit for human

consumption or for processing into or utilisation thereof as food or feed.

(2) The Executive Officer may grant written exemption, entirely or partially, to any person on such conditions as he or she may deem necessary, from the provisions of subregulation (1).

## PART I

### QUALITY STANDARDS

#### *Classes of sorghum*

3. Sorghum shall be classified as:

- (a) Class GM;
- (b) Class GL;
- (c) Class GH; and
- (d) Class Other.

#### *Standards for classes*

4. (1) A consignment of sorghum shall be classified as Class GM Sorghum if it;
- (a) consists of malt sorghum that does not have a dark testa;
  - (b) is of a GM cultivar as specified in the cultivar list; and
  - (c) complies with the standards for the grade of Class GM sorghum as set out in regulation 6.
- (2) A consignment of sorghum shall be classified as Class GL sorghum if it;
- (a) consists of sorghum that does not have a dark testa;
  - (b) is of a GL cultivar as specified in the cultivar list; and
  - (c) complies with the standards for one of the grades of Class GL sorghum as set out in regulation 6.
- (3) A consignment of sorghum shall be classified as Class GH sorghum if it;
- (a) consists of malt sorghum that has a dark testa;
  - (b) is of a GH cultivar as specified in the cultivar list; and
  - (c) complies with the standards for grades for Class GH Sorghum as set out in regulation 6.
- (4) A consignment of sorghum shall be classified as Class Other if it does not comply with the standards for Class GM, GL and GH Sorghum

#### *Grades of sorghum*

5. (a) Class GM
- (i) Grade GM1
  - (ii) Grade GM2
- (b) Class GL
- (i) Grade GL1
  - (ii) Grade GL2

- (c) Class GH (i) Grade GH1  
(ii) Grade GH2
- (d) No grades are determined for Class Other sorghum.

**Standards for grades**

6. (1) All grades of sorghum shall;
- (a) be free from black smearing as a result of smut;
  - (b) not contain 10 or more smut balls or portions of smut balls which are collectively equivalent to 10 or more smut balls, per 100 g of sorghum;
  - (c) be free from a musty, sour or other undesirable smell;
  - (d) be free from any substance that renders it unsuitable for human consumption or animal consumption or for processing into or utilisation thereof as food or feed;
  - (e) contain not more poisonous seeds than permitted in terms of the Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act No. 54 of 1972);
  - (f) with the exception of Class Other, be free from insects; and
  - (g) with the exception of Class Other, have a moisture content of not more than 14 per cent.
- (2) Grades GM1, GM2, GL1, GL2, GH1 and GH2 shall not exceed the permissible deviations specified in columns 2, 3, 4, 5, 6 and 7 of the Table in the Annexure, respectively, with regard to the nature of deviation specified in column 1 of the said table.
- (3) The presence of purple anthocyanic blotches in or on the pericarp shall not be taken into consideration when determining the grade of a consignment of sorghum.

**PART II**

**PACKING AND MARKING REQUIREMENTS**

**Packing requirements**

7. Sorghum of different classes and grades shall be packed in different containers.

**Marking requirements**

8. (1) Each container or the accompanying sales documents of a consignment shall be marked or endorsed with –
- (a) the applicable class or grade of the sorghum or, in the case of sorghum that have been imported, the common name and the name of the country of origin thereof.

**PART III**

**SAMPLING**

**Obtaining of sample**

9. (1) A sample of a consignment of sorghum shall;
- (a) in the case of sorghum delivered in bags and subject to regulation 10, be

obtained by sampling at least ten per cent of the bags chosen from that consignment at random, with a bag probe: Provided that at least 25 bags in a consignment shall be sampled and where a consignment consists of less than 25 bags, all the bags in that consignment shall be sampled; and

- (b) in the case of sorghum delivered in bulk and subject to regulation 10, be obtained by sampling that consignment throughout the whole depth of the layer, in at least six different places, chosen at random in that bulk quantity, with a bulk sampling apparatus.

(2) The collective sample obtained in subregulation (1)(a) or (b) shall;

- (a) have a total mass of at least 10 kg; and
- (b) be thoroughly mixed before further examination.

(3) If it is suspected that the sample referred to in subregulation (1)(a) is not representative of that consignment, an additional five per cent of the remaining bags, chosen from that consignment at random, shall be emptied into a suitable bulk container and sampled in the manner contemplated in subregulation (1)(b).

(4) A sample taken in terms of these regulations shall be deemed to be representative of the consignment from which it was taken.

#### ***Sampling if contents differ***

10. (1) If, after an examination of the sorghum taken from different bags in a consignment in terms of regulation 9(1)(a), it appears that the contents of those bags differ substantially;

- (a) the bags concerned shall be placed separately;
- (b) all the bags in the consignment concerned shall be sampled with a bag probe in order to do such separation; and
- (c) each group of bags with a similar contents in that consignment shall for the purposes of these regulations be deemed to be a separate consignment.

(2) If, after the discharge of a consignment of sorghum in bulk has commenced, it is suspected that the consignment could be of a class or grade other than that determined by means of the initial sampling, the discharge shall immediately be stopped and the part of the consignment remaining in the bulk container as well as the sorghum already in the hopper shall be sampled anew with a bulk sampling apparatus or by catching, by means of a suitable container, at regular intervals quantities from the stream of sorghum flowing in bulk.

#### ***Working sample***

11. (1) A working sample shall be obtained by dividing the representative sample of the representative or deviating sample of the consignment according to the ICC (International Association for Cereal Chemistry) 101/1 (Approved 1982) method.

### **PART IV**

#### **INSPECTION METHODS**

#### ***Determination of class and presence of smut, undesirable smells, harmful substances, poisonous seeds and insects***

12. A consignment or a sample of a consignment of sorghum shall be sensorially assessed or chemically analysed in order to determine;

- (a) the class thereof;

- (b) whether it is smeared black by smut;
- (c) whether it contains smut balls;
- (d) whether it has a musty, sour or other undesirable smell;
- (e) whether it contains any substance that renders it unsuitable for human consumption or for processing into or utilisation as food or feed;
- (f) whether it contains any poisonous seeds; and
- (g) whether it contains any insects.

***Determination of percentage foreign matter***

13. The percentage of foreign matter in a consignment of sorghum shall be determined as follows:
- (a) Obtain a working sample of at least 100 g of material from the sample of the consignment.
  - (b) Remove all foreign matter by hand from the working sample and determine the mass thereof.
  - (c) Express the mass thus determined, as a percentage of the mass of the working sample.
  - (d) Such percentage shall represent the percentage of foreign matter in the consignment concerned.

***Determination of percentage unthreshed sorghum***

14. The percentage of unthreshed sorghum in a consignment of sorghum shall be determined as follows:
- (a) Obtain a working sample of at least 50 g of material from the sample from which all foreign matter has been removed.
  - (b) Remove all unthreshed sorghum by hand from the working sample and determine the mass thereof.
  - (c) Express the mass thus determined, as a percentage of the mass of the working sample.
  - (d) Such percentage shall represent the percentage of unthreshed sorghum in the consignment concerned.

***Determination of percentage defective sorghum content and percentage small kernel sorghum***

15. The percentages of defective sorghum and small kernel sorghum in a consignment of sorghum shall be determined as follows:
- (a) Obtain a working sample of at least 50 g of material from a sample from which all foreign matter and unthreshed sorghum have been removed.
  - (b) Place the working sample on a standard sieve.
  - (c) Screen the working sample for 25 to 30 seconds by performing 30 movements of the standard sieve and collecting tray on an even horizontal surface and along the longitudinal axis of the slots of the sieve: Provided that each such movement shall consist of a to-and-fro movement of between 200 mm and 300 mm each.
  - (d) Remove all defective grain sorghum kernels from those portions of the working sample

that respectively remained in or on the standard sieve and were collected in the collecting tray and determine the joint mass thereof.

- (e) Express the mass thus determined, as a percentage of the mass of the working sample.
- (f) Such percentage shall represent the percentage of defective grain sorghum in the consignment concerned.
- (g) Determine the mass of the material that remained in the collecting tray after the removal of the defective sorghum kernels in terms of paragraph (d).
- (h) Express the mass thus determined as a percentage of the mass of the working sample.
- (i) Such percentage shall represent the percentage of small kernel sorghum in the consignment concerned.

***Determination of percentage sorghum of another group***

16. The percentage of sorghum of another group in a consignment of sorghum shall be determined as follows:

- (a) Obtain a working sample of at least 25 g of material from the sample from which all foreign matter, unthreshed sorghum, defective grain sorghum and small kernel sorghum have been removed.
- (b) Remove all sorghum of another group by hand from the working sample and determine the mass thereof.
- (c) Express the mass thus determined, as a percentage of the mass of the working sample.
- (d) Such percentage shall represent the percentage of sorghum of another group in the consignment concerned.

***Determination of percentage white sorghum***

17. The percentage of white sorghum in a consignment of sorghum shall be determined as follows:

- (a) Obtain a working sample of at least 25 g of material from the sample from which all foreign matter, unthreshed sorghum, defective sorghum and small kernel sorghum have been removed.
- (b) Remove all the white sorghum by hand from the working sample and determine the mass thereof.
- (c) Express the mass thus determined, as a percentage of the mass of the working sample.
- (d) Such percentage shall represent the percentage of white sorghum in the consignment concerned.

***Determination of percentage weather-stained sorghum***

18. The percentage of weather-stained sorghum in a consignment shall be determined as follows:

- (a) Obtain a working sample of at least 10 g of material from the sample from which all foreign matter, unthreshed sorghum, defective sorghum and small kernel sorghum have been removed.
- (b) Remove all the weather-stained sorghum by hand from the working sample and determine the mass thereof.
- (c) Express the mass thus determined, as a percentage of the mass of the working sample.

- (d) Such percentage shall represent the percentage of weather-stained sorghum in the consignment concerned.

***Determination of moisture content***

19. The moisture content of a consignment of sorghum may be determined according to any suitable method: Provided that the results thus obtained complies with the maximum permitted errors for a class 1 moisture meter as detailed in ISO 7700/1-1984(E), based upon result of the 72 hour, 103°C oven dried method [AACC ("American Association of Cereal Chemists") 44-15A]

**PART V**

**OFFENCES AND PENALTIES**

20. Any person who contravenes or fails to comply with any provision of these regulations shall be guilty of an offence and upon conviction be liable to a fine or imprisonment in terms of section 11 of the Act.

No. R. 532

16 Mei 2008

WET OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE, 1990  
(WET No. 119 VAN 1990)

**REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN  
SORGHUM BESTEM VIR VERKOOP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA**

Die Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 15 van die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990),

- (a) het die regulasies in die Bylae uitgevaardig; en
- (b) bepaal dat die genoemde regulasies op die datum van publikasie in werking sal tree.

**BYLAE**

**Woordomskrywing**

1. In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

"ander groep" met betrekking tot;

- (a) sorghum van Klas GM en Klas GL, sorghum wat 'n donker onderhuidlaag het; en
- (b) sorghum van Klas GH, sorghum wat nie 'n donker onderhuidlaag het nie;

"besending" ;

- (a) 'n hoeveelheid sorghum van dieselfde klas, wat aan dieselfde eienaar behoort, wat op 'n bepaalde tydstip afgelewer word onder dekking van dieselfde vragbrief, aflewingsbrief of ontvangsbewys, of gelewer word deur dieselfde voertuig of losmaathouer, of wat uit dieselfde buis van 'n graansuier of 'n skeepsruim gelaai word;
- (b) in die geval waar 'n hoeveelheid in paragraaf (a) bedoel, ingedeel is in verskillende grade, elke sodanige hoeveelheid van die verskillende grade;

"die Wet" die Wet op Landbouprodukstandaarde, 1990 (Wet No. 119 van 1990);

"donker onderhuidlaag" die onderhuidlaag van die sorghum wat tanniene van die gekondenseerde tipe bevat;

"gebrekkige sorghum";

- (a) stukkie van, en gebreekte sorghumpitte; of
- (b) sorghumpitte;
  - (i) wat deur swamme of siektes aangetas is;
  - (ii) waarvan die kiemskede as gevolg van ontkieming gebars is;
  - (iii) wat 'n groen kleur het of ander tekens van onrypheid toon; of
  - (iv) wat deur insekte, knaagdiere, koue, hitte of op enige ander wyse beskadig is, maar nie ook weergevlekte sorghum nie;

"**giftige sade**" die sade of gedeeltes van sade van plantspesies wat 'n risiko vir menslike of dierlike gesondheid kan inhou indien dit verbruik word, insluitende sade van *Argemone mexicana L.*, *Convolvulus spp.*, *Crotalaria spp.*, *Datura spp.*, *Ipomoea purpurea*, *Lolium temulentum*, *Ricinus communis* of *Xanthium spp.*;

"**insek**" enige lewende insek wat skadelik vir sorghum is, ongeag die stadium van ontwikkeling van die insek;

"**kleinpitsorghum**" heel, sorghumpitte wat deur die standaardsif gaan;

"**kultivarlys**" die lys van kultivars van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Beampte: Landbouprodukstandaarde vasgestel en wat vanaf die Uitvoerende Beampte: Landbouprodukstandaarde, Privaatsak X343, Pretoria, 0001 verkrygbaar is;

"**ongedorste sorghum**" sorghum of stukkie sorghum wat nog gedeeltelik deur doppies bedek is,

"**sorghum**" die gedorste ryp saad van plante van *Sorghum bicolor (L.) Moench*, maar uitgesluit besemsorghum, hooisorghum en soetrietsorghum;

"**standaardsif**" is 'n gleufsif –

- (a) met 'n plat bodem van metaalplaat van 1,00 mm dikte met langwerpige gleuwe van 12,7 mm in lengte en 1,8 mm in breedte met geronde ente. Die spasiëring tussen die gleuwe in dieselfde ry moet 2,43 mm wyd wees en die spasiëring tussen die rye gleuwe moet 2,0 mm wyd wees. Die gleuwe moet afwisselend georieënteerd wees, met 'n gleuf altyd regoor 'n soliede tussensegment van die naasliggende ry gleuwe;
- (b) waarvan die boonste oppervlak van die sif glad is;
- (c) met 'n ronde raam van geskikte materiaal met 'n binnedeursnee van minstens 300 mm en maksimum 310 mm en 50 mm minstens hoog;
- (d) wat op 'n pan met 'n soliede bodem pas en moet minstens 20 mm bo die bodem van die pan wees;

"**vreemde materiaal**" enige materiaal of stof anders as sorghum;

"**weergevlekte sorghum**" sorghumpitte waarvan meer as een-derde van die oppervlakte van die opperhuid duidelik deur die weer verkleur is, maar nie ook sorghumpitte met pers antosianienvlekke in of op die opperhuid nie; en

"**wit sorghum**" sorghum waarvan die opperhuid geen skakerings van bruin, rooi of geel vertoon nie, afgesien van enige pers antosianienvlekke in of op die opperhuid.

#### **Beperkings op verkoop van sorghum**

2. (1) Niemand mag 'n besending sorghum in die Republiek van Suid-Afrika verkoop nie;
  - (a) tensy die sorghum verkoop word volgens die klasse in regulasie 3 uiteengesit;
  - (b) tensy die sorghum voldoen aan die standaard vir die betrokke klas soos in regulasie 4 uiteengesit;
  - (c) tensy die sorghum voldoen aan die grade van sorghum en standaard vir die grade in regulasies 5 en 6 onderskeidelik uiteengesit;
  - (d) tensy die sorghum verpak is in ooreenstemming met die verpakkingsvereistes in regulasie 7 uiteengesit;

- (e) tensy die houers of verkoopsdokumente, na gelang van die geval, gemerk is in ooreenstemming met die merkvereistes in regulasie 8 uiteengesit; en
- (f) indien sodanige sorghum 'n stof bevat wat dit ongeskik maak vir menslike verbruik of vir verwerking tot of aanwending daarvan as voedsel of voer.

(2) Die Uitvoerende Beampte kan iemand skriftelik, in die geheel of gedeeltelik, op die voorwaardes wat hy of sy nodig ag, van die bepalings van subregulasie (1) vrystel.

## DEEL I

### GEHALTESTANDAARDE

#### *Klasse sorghum*

3. Sorghum word geklassifiseer as;
- (a) Klas GM;
  - (b) Klas GL;
  - (c) Klas GH; en
  - (d) Klas Ander

#### *Standaard vir klasse*

4. (1) 'n Besending sorghum word as Klas GM-sorghum geklassifiseer indien dit;
- (a) bestaan uit moutsorghum wat nie 'n donker onderhuidlaag het nie;
  - (b) van 'n GM-kultivar is soos gespesifiseer in die kultivarlys; en
  - (c) voldoen aan die standaard vir die grade van Klas GM sorghum soos in regulasie 6 uiteengesit.
- (2) 'n Besending sorghum word as Klas GL-sorghum geklassifiseer indien dit;
- (a) bestaan uit sorghum wat nie 'n donker onderhuidlaag het nie;
  - (b) van 'n GL-kultivar is soos gespesifiseer in die kultivarlys; en
  - (c) voldoen aan die standaard vir die grade van Klas GL sorghum soos in regulasie 6 uiteengesit.
- (3) 'n Besending sorghum word as Klas GH-sorghum geklassifiseer indien dit;
- (a) bestaan uit moutsorghum wat 'n donker onderhuidlaag het;
  - (b) van 'n GH-kultivar is soos gespesifiseer in die kultivarlys; en
  - (c) voldoen aan die standaard vir die grade van Klas GH sorghum soos in regulasie 6 uiteengesit.
- (4) 'n Besending sorghum word as Klas Ander geklassifiseer indien dit nie voldoen aan die standaard vir Klas GM, GL en GH sorghum nie

**Grade sorghum**

5. (a) Klas GM (i) Graad GM1  
(ii) Graad GM2
- (b) Klas GL (i) Graad GL1  
(ii) Graad GL2
- (c) Klas GH (i) Graad GH1  
(ii) Graad GH2
- (d) Geen grade word vir Klas Ander Sorghum bepaal nie.

**Standaard vir grade**

6. (1) Alle grade sorghum;
- (a) moet vry wees van swart besmering as gevolg van brand;
- (b) mag nie 10 of meer brandballe of gedeeltes van brandballe wat gesamentlik gelyk is aan 10 of meer brandballe, per 100 g sorghum bevat nie;
- (c) moet vry wees van 'n muwwe, suur of ander ongewenste reuk;
- (d) moet vry wees van 'n stof wat dit ongeskik maak vir menslike verbruik of dierlike verbruik of vir verwerking tot of aanwending daarvan as voedsel of voer;
- (e) mag nie meer giftige sade bevat as wat toegelaat word kragtens die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidsmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet No. 54 van 1972) nie;
- (f) moet met die uitsondering van Klas Ander, vry wees van insekte; en
- (g) moet met die uitsondering van Klas Ander, 'n voginhoud van hoogstens 14 persent hê.
- (2) Grade GM1, GM2, GL1, GL2, GH1 en GH2 mag nie die toelaatbare afwyking gespesifiseer in kolom 2, 3, 4, 5, 6 en 7 van die Tabel in die Aanhangsel, onderskeidelik, ten opsigte van die afwyking gespesifiseer in kolom 1 van die genoemde tabel, oorskry nie.
- (3) Die aanwesigheid van pers antosianienvlekke in of op die oppervlakte van sorghum word nie in aanmerking geneem wanneer die graad van 'n besending sorghum bepaal word nie.

**DEEL II****VERPAKKINGS- EN MERKVEREISTES****Verpakkingsvereistes**

7. Sorghum van verskillende klasse en grade word in verskillende houers verpak.

**Merkvereistes**

8. (1) Elke houer of die meegaande verkoopsdokumente van 'n besending sorghum word gemerk of geëndosseer met –
- (a) die toepaslike klas of graad van daardie sorghum of in die geval van ingevoerde sorghum, met die gewone naam en die naam van die land van herkoms daarvan.

## DEEL III

## MONSTERNEMING

*Verkryging van monster*

9. (1) 'n Monster van 'n besending sorghum word;
- (a) in die geval van sorghum in sakke gelewer en behoudens regulasie 10, verkry deur minstens tien persent van die sakke, ewekansig in daardie besending gekies, met 'n graansteker te bemonster. Met dien verstande dat minstens 25 sakke in 'n besending bemonster word en waar 'n besending uit minder as 25 sakke bestaan, al die sakke in daardie besending bemonster word; en
  - (b) in die geval van sorghum in losmaat gelewer en behoudens regulasie 10, verkry deur daardie besending deur die volle diepte, by minstens ses verskillende plekke, ewekansig in daardie losmaathoeveelheid uitgekies, met 'n losmaatmonsternemings-apparaat te bemonster.
- (2) Die gesamentlike monster in subregulasie (1)(a) of (b) verkry, moet;
- (a) 'n totale massa van minstens 10 kg hê; en
  - (b) deeglik gemeng word voor verdere ondersoek.
- (3) Indien vermoed word dat die monster in subregulasie (1)(a) bedoel, nie verteenwoordigend van daardie besending is nie, word 'n addisionele vyf persent van die oorblywende sakke, ewekansig uit daardie besending gekies, in 'n geskikte losmaathouer uitgegooi en bemonster op die wyse in subregulasie (1)(b) beoog.
- (4) 'n Monster ingevolge hierdie regulasies geneem, word geag verteenwoordigend te wees van die besending waaruit dit geneem is.

*Monsterneming indien inhoud verskil*

10. (1) Indien dit blyk, na 'n ondersoek van die sorghum wat ingevolge subregulasie 9(1)(a) uit verskillende sakke in 'n besending geneem is, dat die inhoud van daardie sakke ooglopende verskil, word;
- (a) die betrokke sakke van mekaar geskei;
  - (b) al die sakke in die betrokke besending met 'n saksteker bemonster ten einde sodanige skeiding te doen; en
  - (c) elke groep sakke met 'n soortgelyke inhoud in daardie besending vir die doeleindes van hierdie regulasies geag 'n afsonderlike besending te wees.
- (2) Indien, nadat met die aflaai van 'n besending sorghum in losmaat begin is, daar vermoed word dat die besending van 'n ander klas of graad kan wees as wat met behulp van die aanvanklike bemonstering bepaal is, word die aflaaiproses onmiddellik gestaak en word die deel van die besending wat in die losmaathouer oorbly asook die sorghum wat reeds in die opvangbak gestort is, van vooraf met 'n losmaatmonsternemingsapparaat bemonster of deur met 'n geskikte houër, met gereelde tussenposes, uit die stroom van die sorghum wat in losmaat vloei, op te vang.

*Werkmonster*

11. 'n Werkmonster sal verkry word deur die verteenwoordigende of afwykende monster van die besending te verdeel soos uiteengesit in ICC (International Association for Cereal Chemistry) 101/1 (Goedgekeur 1982) metode.

## DEEL IV

## ONDERSOEKMETODES

***Bepaling van klas en teenwoordigheid van brand, ongewenste reuke, nadelige stowwe, giftige sade en insekte***

12. 'n Besending of 'n monster van 'n besending sorghum word sintuiglik beoordeel of skeikundig ontleed ten einde te bepaal ;

- (a) wat die klas daarvan is;
- (b) of dit deur brand swart besmeer is;
- (c) of dit brandballe bevat;
- (d) of dit 'n muwwe, suur of ander ongewenste reuk het;
- (e) of dit 'n stof bevat wat dit ongeskik maak vir menslike verbruik of vir verwerking tot of aanwending daarvan as voedsel of voer;
- (f) of dit giftige sade bevat; en
- (g) of dit enige insekte bevat.

***Bepaling van persentasie vreemde materiaal***

13. Die persentasie vreemde materiaal in 'n besending sorghum word soos volg bepaal:

- (a) Verkry 'n werkmonster van minstens 100 g materiaal van die monster van die besending.
- (b) Verwyder alle vreemde materiaal uit die werkmonster met die hand en bepaal die massa daarvan.
- (c) Druk die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
- (d) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie vreemde materiaal in die betrokke besending.

***Bepaling van persentasie ongedorste sorghum***

14. Die persentasie ongedorste sorghum in 'n besending sorghum word soos volg bepaal:

- (a) Verkry 'n werkmonster van minstens 50 g materiaal van die monster waaruit alle vreemde materiaal verwyder is.
- (b) Verwyder alle ongedorste sorghum uit die werkmonster met die hand en bepaal die massa daarvan.
- (c) Druk die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
- (d) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie ongedorste sorghum in die betrokke besending.

***Bepaling van persentasie gebrekkige sorghum en persentasie kleinpitsorghum***

15. Die persentasies gebrekkige sorghum en kleinpitsorghum in 'n besending sorghum word soos volg bepaal:

- (a) Verkry 'n werkmonster van minstens 50 g materiaal van 'n monster waaruit al die vreemde materiaal en ongedorste sorghum verwyder is.
- (b) Plaas die werkmonster op 'n standaardsif.
- (c) Sif die werkmonster vir 25 tot 30 sekondes deur 30 bewegings van die standaardsif en opvangbak op 'n gelyke horisontale oppervlakte en langs die lengte-asse van die gleuwe van die sif uit te voer. Met dien verstande dat elke sodanige beweging uit 'n heen-en-weer beweging van tussen 200 mm en 300 mm elk bestaan.
- (d) Verwyder alle gebrekkige sorghumpitte uit daardie gedeeltes van die werkmonster wat onderskeidelik in of op die standaardsif agtergebly het en in die opvangbak opgevang is en bepaal die gesamentlike massa daarvan.
- (e) Druk die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
- (f) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie gebrekkige sorghum in die betrokke besending.
- (g) Bepaal die massa van die materiaal wat in die opvangbak agtergebly het na die verwydering van die gebrekkige sorghumpitte ingevolge paragraaf (d).
- (h) Druk die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
- (i) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie kleinpitsorghum in die betrokke besending.

***Bepaling van persentasie sorghum van 'n ander groep***

16. Die persentasie sorghum van 'n ander groep in 'n besending sorghum, word soos volg bepaal:

- (a) Verkry 'n werkmonster van minstens 25 g materiaal van die monster waaruit al die vreemde materiaal, ongedorste sorghum, gebrekkige sorghum en kleinpitsorghum verwyder is.
- (b) Verwyder alle sorghum van 'n ander groep uit die werkmonster met die hand en bepaal die massa daarvan.
- (c) Druk die massa aldus bepaal uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
- (d) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie sorghum van 'n ander groep in die betrokke besending.

***Bepaling van persentasie wit sorghum***

17. Die persentasie wit sorghum in 'n besending sorghum, word soos volg bepaal:

- (a) Verkry 'n werkmonster van minstens 25 g materiaal van die monster waaruit al die vreemde materiaal, ongedorste sorghum, gebrekkige sorghum en kleinpitsorghum verwyder is.
- (b) Verwyder alle wit sorghum uit die werkmonster met die hand en bepaal die massa daarvan.
- (c) Druk die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.

- (d) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie wit sorghum in die betrokke besending.

***Bepaling van persentasie weergevlekte sorghum***

18. Die persentasie weergevlekte sorghum in 'n besending sorghum word soos volg bepaal:
- (a) Verkry 'n werkmonster van minstens 10 g materiaal van die monster, waaruit al die vreemde materiaal, ongedorste sorghum, gebrekkige sorghum en kleinpitsorghum verwyder is.
  - (b) Verwyder alle weergevlekte sorghum uit die werkmonster met die hand en bepaal die massa daarvan.
  - (c) Druk die massa aldus bepaal, uit as 'n persentasie van die massa van die werkmonster.
  - (d) Sodanige persentasie verteenwoordig die persentasie weergevlekte sorghum in die betrokke besending.

***Bepaling van voginhoud***

19. Die voginhoud van 'n besending sorghum kan volgens enige geskikte metode bepaal word: Met dien verstande dat die resultate aldus verkry in ooreenstemming is met die maksimum toelaatbare afwyking vir 'n klas 1 vogmeter soos uiteengesit in ISO 7700/1984(E) gebaseer op die resultate van die 72 uur, 103°C oonddroogmetode [AACC ("American Association of Cereal Chemists") Metode 44-15A]

**DEEL V**

**OORTREDING EN STRAWWE**

20. Iemand wat 'n bepaling van hierdie regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf in terme van artikel 11 van die Wet.

**ANNEXURE/AANHANGSEL  
TABLE/TABEL**

**PERMISSIBLE DEVIATIONS IN SORGHUM  
TOELAATBARE AFWYKINGS IN SORGHUM  
[REG. 5, 6]**

1	Nature of deviation/ Aard van afwyking	Maximum extent to which defects are permissible in/Maksimum mate waartoe gebreke toelaatbaar is in -					7
		2	3	4	5	6	
		Grade/ Graad GM1	Grade/ Graad GM2	Grade/ Graad GL 1	Grade/ Graad GL 2	Grade/ Graad GH 1	
1.	Foreign matter/Vreemde materiaal (Reg. 13)	1,5%	2,0%	2,0%	3,0%	1,5%	3,0%
2.	Unthreshed sorghum/ Ongedorste sorghum (Reg. 14)	4,0%	6,0%	6,0%	12,0%	4,0%	20,0%
3.	Defective sorghum/ Gebrekkige sorghum (Reg. 15)	3,0%	10,0%	10,0%	20,0%	3,0%	20,0%
4.	Small kernel sorghum/ Kleinpitsorghum (Reg. 15)	8,0%	10,0%	10,0%	20,0%	8,0%	20,0%
5.	Total of defective sorghum and small kernel sorghum/ Totaal van gebrekkige sorghum en kleinpitsorghum	10,0%	10,0%	10,0%	20,0%	10,0%	20,0%
6.	Sorghum of another group/ Sorghum van 'n ander groep (Reg. 16)	4,0%	6,0%	8,0%	10,0%	4,0%	*
7.	White sorghum/Wit sorghum (Reg. 17)	4,0%	6,0%	*	*	4,0%	*
8.	Total of sorghum of another group and white sorghum/ Totaal van sorghum van 'n ander groep en wit sorghum	6,0%	10,0%	*	*	6,0%	*
9.	Weather-stained sorghum/ Weer-gevekte sorghum (Reg 18)	50%	50%	50%	75%	50%	75%

\* No specification/ Geen spesifikasie